Om U Naam's Ontwil !



Ps. 48:11 Soos u Naam, o God, so is u roem tot die eindes van die aarde toe; u regterhand is vol gerechtigheid.

Leer God Ken deur Sy Name.

God se name onthul en definiëer die kwaliteite van Sy natuur en karakter. Dis 'n manifestasie van Sy aard en wese, sinoniem met God self. SY naam is nie slegs woorde of klanke nie. Dit is verteenwoordigend van God se persoon, Sy gees, alles wat Hy sê en doen; soos Hy geopenbaar is en soos Hy begeer om geken te word. Hierdie name het God aan SY mense geopenbaar soos hulle dit nodig gehad het in hul oomblikke van groot beproewing en probleme.

1. Ons ontvang God se verlossing deur SY naam te ken:
   Psa 124:8 Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.
   Psa 91:14 Omdat hy My liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken.
   Mal 4:2 Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.

2. Jesaja skryf dat God ons naby Hom hou wanneer ons op SY naam vertrou.
   Isa 50:10 Wie is daar onder julle wat die HERE vrees, wat na die stem van sy Kneg luister, wat in duisternisse wandel en geen ligstraal sien nie? —laat hy vertrou op die Naam van die HERE en steun op sy God!

God se Naam is heerlik.

Psa 8:2 o HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde! U wat u majesteit gelê het op die hemele.

Waar die Naam van God in die Ou Testament voorkom, word dit in hoofletters deur die konsonante YHWH uitgedruk. Dit is die "geheime Name van God." Vir die Jode was sy Naam só heilig, dat dit glad nie hardop uitgespreek mog word nie. Hierdie gebruik het waarskynlik ontstaan as gevolg van die gebod: "Jy mag die Naam van die

Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie." Ex 20:7. Die Jode was bang dat 'n verkeerde uitspraak as 'n ydellike gebruik geklassifiseer sou word. En aangesien daar geen vokale in sy Naam was nie, het niemand geweet hoe om dit uit te spreek nie.

Hierdie eerbied vir die naam YHWH het later ook in die skryfwyse neerslag gevind. Die Bybel is in daardie tyd met die hand oorgeskryf en die Naam van die Here is met soveel ontsag oorgeskryf, dat die Skrifgeleerdes elke keer voordat hulle daarby kom, gaan was en skoon klere gaan aantrek het. Dan het hulle 'n nuwe veer in die ink gedoop en dán eers die heilige YHWH neergeskryf. Daarna is die veer vernietig, aangesien dit te heilig was om gewone woorde mee te skryf. Aangesien YHWH so heilig was, het die Skrifgeleerdes later begin om 'n eufemisme in die plek daarvan te gebruik. Of die Here dit so wou gehad het of nie, weet ons nie, maar dit openbaar wel die gesindheid wat daar onder gelowiges teenoor sy Naam geheers het.

Die tetragram (YHWH) kom 6800 keer in die Bybel voor. Daar is geleerdes wat meen dat dit die enigste naam van God in die Bybel is, wat werklik sy wese openbaar. Hulle sê dat al die ander Name wat aan Hom gegee word, nie openbaar wat Hy is nie, maar wat Hy doen. Die Afrikaans vir YHWH is Jahwe, maar in die Bybel word slegs Here en nie Jahwe nie, gebruik. Die woord Jehova is gevorm deur die invoeging van die vokale van Adonaï by YHWH. Dit is dus 'n eufemisme van die heilige Naam van God.

Dawid het gesê dat sy Naam heerlik is. Hy gebruik die Hebreeuse woord *addiyr* wat beteken 'groot, kragtige, beroemd, galant, heerlik, adellik of waardig.' Dawid het geweet dat HY ook Homself in sy Naam openbaar.

Hy het moontlik ook gedink aan die woorde van Elihu:
Job 37:22 Uit die Noorde kom goud te voorskyn, maar oor God is daar ontsagwekkende majesteit.
Job 37:23 Die Almagtige—ons vind Hom nie; Hy is groot van krag, maar die reg en die volheid van geregtigheid krenk Hy nie.

Job 37:24 Daarom vrees die mense Hom; almal wat eiewys is, sien Hy nie aan nie.

Hier word die Hebreeuse woord *saggiy* gebruik, wat 'groot , magtig, heerlik' beteken. Dit is afgelei van die stamwoord *saga*, wat beteken 'om te groei, groter te word, of in figuurlike sin, te loof'.

Vir Dawid was die Here God magtig, groot, heerlik en lofwaardig. Hoe beter hy Hom leer ken het, hoe meer het hy Hom geprys en verheerlik - nie net in die openbaar nie, maar ook wanneer hy alleen was.

In die Ou-Testamentiese tyd het mense baie waarde aan hulle name geheg en is 'n persoon se karakter deur sy naam geopenbaar. Só beteken die naam *Jakob - indringer, bedrieër.* Dis dan ook presies wat Jakob was in sy verhouding met sy pa en sy skoonpa.

Die naam *Nabal beteken - dom, sleg, boos,* en Nabal het sy naam gestand gedoen. Daar is baie geestelike waarheid in die betekenis van 'n naam vervat. Die naam openbaar dikwels meer omtrent die individu se persoonlikheid en daaruit leer ons meer omtrent sy motiewe. Net so openbaar die Here God Homself ook in sy Naam aan ons en help sy Naam ons om Hom beter te leer ken en te verstaan.

Die Here verander nié. Dít wat Hy wás, ís Hy op hierdie oomblik en sál Hy vir altyd wees.

Mal 3:6 Want Ek, die HERE, het nie verander nie; . . . . .

Wat God in die Bybel se tyd vir sy volk was, is Hy vandag nog vir ons!!!

EK IS.

God verwys na Homself as "die groot EK IS,"

Exo 3:14 En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur.

Die ewigdurende God - die ware God met geen BEGIN en geen EINDE. EK IS - wat jy ook al nodig het - op enige tydstip

van jou lewe. EK IS - nie net die God van alles wat jy nodig het nie, maar ook die God van alles wat jy in die toekoms mag nodig kry.

JEHOVA-ADDONAI

Jehova-Addonai beteken - God van die belofte/ My Meester.

Gen 15:4 Toe kom die woord van die HERE tot hom en sê: Hierdie een sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees.

Gen 15:5 Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees.

Gen 15:18 Op dié dag het die HERE met Abram 'n verbond [belofte] gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier:

Jes 9:5 Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors— [Belofte van die Messias.]

JEHOVA-ELOHIM

Jehova-Elohim beteken - Ewige Skepper en onderhouer van die hemel en die aarde.

Gen 1:1 In die begin het God die hemel en die aarde geskape.

Psa 19:2 Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande.

Job 9:7 (HY) wat bevel gee aan die son, en hy gaan nie op nie, en die sterre agter 'n seël wegsluit;

Job 9:8 wat alleen die hemel uitspan en stap op die golwe van die see;

Job 9:9 wat die Beer gemaak het, die Oríon en die Sewe-ster en die Kamers van die Suide;
Job 9:10 wat groot, ondeurgrondelike dinge doen en wonders sonder getal.
Job 38:4 Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? .....

Amos 5:8 Hy wat die Sewe-ster en die Oríon gemaak het en die duisternis in môrelig verander en die dag tot nag verduister, wat die waters van die see roep en dit uitgiet oor die oppervlakte van die aarde—HERE is sy Naam!

Psa 147:4 Hy bepaal die getal van die sterre; Hy gee hulle almal name.

Gen 2:4 Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskape is. Die dag toe die HERE God die aarde en die hemel gemaak het,
Gen 2:7 En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.
Gen 2:8 Ook het **die HERE God 'n tuin geplant** in Eden, in die Ooste, en daar aan die mens wat Hy geformeer het, 'n plek gegee.
Gen 2:9 En die HERE God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad.
Gen 2:19 En die HERE God het uit die aarde geformeer al die diere van die veld en al die voëls van die hemel en hulle na die mens gebring om te sien hoe hy hulle sou noem. En net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees.
Gen 2:22 En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens **geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens.**

JEHOVA-JIREH

Jehova-Jireh beteken - Die Here sal voorsien.

Gen 22:7 Toe spreek Isak met sy vader Abraham en sê: My vader! En hy antwoord: Hier is ek, my seun! En hy sê: Hier is die vuur **en die hout, maar waar is die lam vir 'n brandoffer?**

Gen 22:8 En Abraham antwoord: God sal vir Homself die **lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun**. So het hulle twee dan saam geloop.

Gen 22:12 En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie.

Gen 22:13 En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens **'n ram wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het.** En Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer.

Gen 22:14 En Abraham het dié plek genoem: Die HERE sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die HERE sal dit voorsien word.

Die Here sien die behoeftes van diegene wat Hom aanbid en Hy openbaar Homself aan hulle deur hul gebede te verhoor en in hul behoeftes te voorsien. Net so het God ook die behoefte aan 'n verlosser vir die verlore mensdom raakgesien en Sy Seun gestuur om ons sondes, siektes en ongeregtighede op hom te neem.

Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Jesaja profeteer - 700jr vC:

Jes 9:6 Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors—

Die meeste van ons weet reeds dat God 'n heel ander siening van sy beloftes het as ons. As hy met ons praat, verwag ons dat Hy die dinge wat Hy gesê het, onmiddellik moet doen en ook álles moet doen wat Hy gesê het. Ons verstaan nie altyd dat sy plan op SY tyd uitgevoer sal word nie en ons het ook nie die

nodige begrip vir die prosesse wat soms deurloop moet word vir sy plan om werklikheid te word nie. En aan die veranderinge wat eers binne-in ons moet plaasvind voordat die Here vir ons kan gee wat Hy belowe het, dink ons nie. Abraham het die begin van God se belofte ontvang, maar die begin het vir hom baie klein gelyk. Ons moet onthou dat Hy dikwels ingryp deur baie klein te begin, maar ons moet Hom reg van die begin af reeds loof en prys, want ons het die versekering dat daar nog baie meer is wat kom - en ons Vader bêre gewoonlik die beste vir laaste.

JEHOVA-RAFA

Jehova Rafa beteken - Die Here wat jou gesondmaak// Die Geneesheer. [Om alle soorte siektes gesond te maak.]

Exo 15:26 en gesê: As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak.

Deut 32:39 Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie.

Psa 41:4 Die HERE sal hom ondersteun op die siekbed; sy hele slaapplek verander U as hy krank is.

Jes 38:5 Gaan sê vir Hiskía: So spreek die HERE, die God van jou vader Dawid: Ek het jou gebed gehoor, jou trane gesien; kyk, Ek sal vyftien jaar by jou dae byvoeg,

Dit is die balans wat die Here wil hê ons in sy natuur moet raaksien en ken. Hy wil nie hê dat ons Hom net as Regter moet sien nie. Hy is wel die Regter van die aarde, maar Hy is ook die genadige Geneser.

By Mara het die Here nog 'n faset van sy Goddelike natuur aan Moses en die volk geopenbaar. Hy wou vir hulle wys dat Hy ook die Geneser-God is. Gehoorsaamheid aan sy Woord het vir die ganse volk genesing gebring en dit was nie vir hulle nodig om eers allerhande voorskrifte na te kom voordat God hulle met genesing aanraak nie.

Psa 6:3 Wees my genadig, HERE, want ek is verswak; maak my gesond, HERE, want my gebeente is verskrik.

Of ons nou altyd die gevolge daarvan smaak of nie, die Geneser-God genees die hele mens. Hy maak nie net ons siek liggame gesond nie, maar ook ons emosionele pyn. Hy genees die siel wat verwronge is van die sonde, sodat dit weer gebalanseerd kan dink.

JEHOVA-NISSI

Jehova-Nissi beteken - Die Here is my banier.

Exo 17:15 En Moses het 'n altaar gebou en dit genoem: Die HERE is my banier.

Ons beskerming lê daarin dat God ons Banier is. Wanneer die vyand ons aanval, lig Hy sy banier hoog bokant die gelowige of die kerk en roep Hy ons byeen om in sy hemelse leër te dien. Die boodskap wat Hy aan koning Josafat gestuur het, geld ook vir ons: "Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God." 2 Kron 20:15

2Kron 20:15 en hy het gesê: Luister, almal wat uit Juda is en inwoners van Jerusalem en u, koning Jósafat! So sê die HERE aan julle: Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God.

2Kron 20:16 Trek môre af teen hulle: kyk, hulle kom op met die hoogte Hassis, en julle sal hulle aantref aan die kant van die dal voor die woestyn Jerúel.

2Kron 20:17 Julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die HERE by julle, Juda en Jerusalem! Vrees nie en wees nie verskrik nie; trek môre teen hulle uit, en die HERE sal met julle wees.
2Kron 20:18 Toe buig Jósafat hom met die aangesig na die aarde toe, en die hele Juda en die inwoners van Jerusalem het voor die aangesig van die HERE neergeval om die HERE te aanbid.
2Kron 20:19 En die Leviete uit die kinders van die Kehatiete en uit die kinders van die Koragiete het opgestaan om die HERE, **die God van Israel, met 'n baie groot stem te prys.**
2Kron 20:20 Daarop maak hulle die môre vroeg klaar en trek na die woestyn van Tekóa uit; en terwyl hulle uittrek, het Jósafat gaan staan en gesê: Luister na my, Juda en inwoners van Jerusalem! Glo in die HERE julle God, dan sal julle bevestig word; glo aan sy profete, dan sal julle voorspoedig wees.
2Kron 20:21 En hy het met die volk beraadslaag en tot eer van die HERE sangers opgestel wat, in heilige sieraad, moes lofsing en by die uittrek op die voorpunt van die gewapendes moes sê: Loof die HERE, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid!
2Kron 20:22 En op die oomblik toe hulle die gejubel en die lofsang aanhef, het **die HERE 'n hinderlaag opgestel teen** die kinders van Ammon, Moab en die mense van die gebergte Seïr wat teen Juda gekom het, sodat hulle verslaan is.
2Kron 20:24 En toe Juda op die wagkop by die woestyn kom en hulle na die menigte kyk, lê hulle daar dood op die grond; en niemand het vrygeraak nie.
2Kron 20:25 Daarop het Jósafat en sy manskappe gekom om die buit in te samel en hulle het by hulle 'n menigte goed en klere en kosbare voorwerpe gekry, en het soveel vir hulle gebuit dat hulle dit nie kon wegdra nie; en hulle was drie dae lank besig om die buit in te samel, want dit was groot.
2Kron 20:26 En op die vierde dag het hulle in die Lofdal byeengekom, want daar het hulle die HERE geloof; daarom het hulle dié plek Lofdal genoem tot vandag toe.

Die oorloë van Israel dien as voorbeelde om ons voor te berei vir die geestelike oorloë wat ons moet veg. Satan val ons aan op ons swak plekke. Ons moet in geloof die stryd betree en God vertrou om Sy banier oor ons te hou. Moenie kla en murmereer nie. Jehova Nissie sal ons toemaak onder sy banier. Ons is in 'n hewige geveg teen Satan en sy demone betrokke. Hy het sy hand gerig teen die troon van God, en omdat hy weet dat Jesus hom klaar oorwin het, probeer hy Hom seermaak deur sy kerk. Satan se doel is om ons geheel en al te ontmoedig sodat ons die stryd sal gewonne gee.

Jes 49:22 So sê die Here HERE: Kyk, Ek sal my hand ophef na die nasies en my banier opsteek na die volke; dan sal hulle jou seuns aan die boesem bring, en jou dogters sal op die skouer gedra word;

Psa 60::6 **U het aan die wat u vrees, 'n banier gegee, om te** vlug vir die boog! Sela.

As ons moeg gestry is; as die konflik van die lewe vir ons te veel raak, moet ons dalk doen wat Dawid gedoen het, en dit is om die Banier-God te loof en te prys totdat Hy sy dou op ons lewens uitgiet; totdat sy beskerming en leiding ons opnuut rede tot lof en aanbidding gee. Ons is wel in die stryd gewikkel, maar ons is beslis nie in bevel van die leër nie, want die stryd behoort aan die Here! 1 Sam 17:47.

JEHOVA-MEKKADESH

Jehova-Mekkadesh beteken - Hy wat heilig maak.

Lev 20:8 En onderhou my insettinge en doen dit. Ek is die HERE wat julle heilig.

1 Kor 1:30 Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.

Die God van die Ou Testament en die Christus van die Nuwe Testament is die bron van ons heiligheid.

God is Heilig:

Lev 11:44 Want Ek is die HERE julle God; toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is heilig;

Sy naam is heilig:

Lev 22:32 En ontheilig my heilige Naam nie, sodat Ek geheilig kan word onder die kinders van Israel. Ek is die HERE wat julle heilig,

Psa 103:1 'n Psalm van Dawid. Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam!

Strewe na heiligmaking:

1Thes 4:7 Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking.
1Thes 4:8 Daarom, **hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens** nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het.

Heb 12:14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;

JEHOVA-SHALOM

Jehova-Shalom beteken - God van vrede/God is vrede.

Rigt 6:22 Toe Gídeon bemerk dat dit die Engel van die HERE was, sê Gídeon: Ag, Here HERE! want ek het die Engel van die HERE gesien van aangesig tot aangesig!
Rigt 6:23 Maar die HERE sê vir hom: Vrede vir jou! Vrees nie! Jy sal nie sterwe nie.
Rigt 6:24 Toe bou Gídeon daar **'n altaar vir die HERE en noem** dit: Die HERE is vrede! Dit staan vandag nog daar by Ofra van

die Abiësriete.

Miga 5:3 En Hy sal optree en hulle laat wei in die sterkte van die HERE, in die majesteit van die Naam van die HERE sy God; en hulle sal rustig woon, want nou sal Hy groot wees tot aan die eindes van die aarde.
Miga 5:4 En Hy sal vrede wees. .....

Jes 9:5 Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, VREDEVORS—
Joh 14:27 Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.

Robert Baker Girdlestone het gesê: "Shalom beteken dat 'n moeilike saak afgehandel word en dat betaling daarvoor geskied." Is dit nie 'n wonderlike beeld van ons God nie? Hy het sy verlossingswerk deur Jesus Christus afgehandel en al die skuld van die sonde van ons weggeneem deur met sy eie lewe daarvoor te betaal.

Die Here het vir Gideon geleer dat vrede nie slegs die afwesigheid van konflik beteken nie. Dit beteken om ook deel te wees van die verbond, wand die vrede kom juis dikwels as gevolg van God se werking binne die verbond.

Fil 4:7 En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.

Gideon se twee offers was sy handtekening onderaan die kontrak wat die Here met hom wou sluit. En die vrede wat hy daarna ervaar het, is die vrede wat kenmerkend van gehoorsaamheid aan God is. Gehoorsaamheid is ook die enigste manier waarop hierdie vrede bewerkstellig kan word.

Rigt 6:24 Toe bou Gídeon daar **'n altaar vir die HERE en noem** dit: Die HERE is vrede! .....

Dis nie die mens wat *vir God* gaan veg wat innerlike vrede ervaar nie, maar die een wat *met God* in die konfliksituasie ingaan.

'n Gebrek aan vrede beïnvloed 'n mens se aanbidding onmiddellik negatief. 'n Siel wat in angs verkeer vind dit baie moeilik om die oë op Jesus Christus gevestig te hou. Wanneer daar vrede in ons binneste is, kan ons Hom ten beste aanbid. Die God van Vrede gee vir ons sy vrede deur Jesus Christus, sodat ons aanbidding bo ons innerlike konflik en omstandighede kan uitstyg. Ons moet God as God van vrede ken en aanvaar, ter wille van onsself, maar ook omdat Hy dit so wil hê. Hoe meer ons onsself aan God onderwerp, hoe groter word daardie Goddellike vrede binne in ons.

Ons moet die teenwoordigheid van die Vredevors in ons lewens hê om sy innerlike vrede sonder ophou te ervaar, want dit is slegs binne ons verhouding met Hom dat ons vrede en vertroue kan hê.

Psa 119:165 Die wat u wet liefhet, het groot vrede, en vir hulle is daar geen struikelblok nie.

Die Woord leer ons immers dat daar geen vrede is, wanneer ons sonder God oor die weg probeer kom nie.

Jes 48:22 Geen vrede, sê die HERE, vir die goddelose nie!

JEHOVA-SHIKAINA

Jehova-Shikaina beteken - Die Here ons geregtigheid.

Jer 23:6 In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.

Volgens die HAT woordeboek beteken geregtigheid - Billikheid, Regverdigheid.

Mat 5:6 Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.

Mat 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Geregtigheid kan alleenlik verkry word deur na Jehova-Shikaina te gaan om dit te voorsien.

God se definisie van geregtigheid:

Rom 4:3 Want wat sê die Skrif? Abraham het in God *GEGLO*, en dit is hom tot geregtigheid gereken.
Rom 4:9 Hierdie saligspreking dan, sien dit op die besnedenes of ook op die onbesnedenes? Want ons sê: Aan Abraham is die *GELOOF* tot geregtigheid gereken.

Rom 4:20 En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die *GELOOF* en het aan God die eer gegee
Rom 4:21 en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het.
Rom 4:22 Daarom is dit hom ook tot geregtigheid gereken.

Gal 3:6 Net soos Abraham in God *GEGLO* het, en dit is hom tot geregtigheid gereken.

Heb 11:6 En sonder *GELOOF* is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet *GLO* dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

Jak 1:6 Maar hy moet in die *GELOOF* bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.
Jak 1:7 Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie—

Geregtigheid is om die beloftes van God te *GLO*, tenvolle oortuig

dat Hy sy Woord sal hou en dit nakom.

Ongeregtigheid is *ONGELOOF* - twyfel dat God sal doen wat Hy belowe het en dan probeer jy om dit self te doen.

Glo ons waarlik, wanneer alles hopeloos en onmoontlik lyk, dat God ons Jehova-Jireh is en sal voorsien in ons behoeftes? Baie keer het ons wel genoeg geloof, maar NIE die GEDULD om te wag dat God sy beloftes OP SY TYD VERVUL NIE!!!

Ons groot behoefte aan GEDULD word dikwels in Hebreërs genoem:

Heb 6:12 sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is.
Heb 6:13 Want toe God aan Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer
Heb 6:14 en gesê: Voorwaar, Ek sal jou ryklik seën en jou grootliks vermeerder.
Heb 6:15 En so het hy die belofte verkry nadat hy geduldig gewag het.

Heb 10:36 Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry.

God sal AL Sy beloftes nakom, op SY tyd en volgens SY heilige skedule. GELOOF vereis dat ons GEDULDIG sal wag op die Here!!!

JEHOVA-SHAMMA

Jehova-Shamma beteken - die Here in julle midde. Die Here is hier/daar.

Eseg 48:35 rondom agttien duisend el; en die naam van die stad sal van vandag af wees: Die HERE is daar!

Mat 1:23 Kyk, die maagd sal swanger word en ‘n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.

Mat 18:20 Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.

Psa 139:7 Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?
Psa 139:8 Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!

Dawid sê twee keer in hierdie Psalm dat die Here daar is en gebruik elke keer die Hebreeuse woord 'sjamma'.

Die Alomteenwoordige God was vir Dawid 'n lewende werklikheid. Hy was oral en altyd by hom, daarom kon Dawid Hom op enige plek en enige tyd aanbid.

Dawid se siening van die lewende God het hom daarvan weerhou om sy lewe te verdeel in 'n sekulêre en 'n heilige 'afdeling'. Hy het God in alles gesien, dus was die een ding nie heiliger as die ander nie.

JEHOVA-ROHI

Jehova-Rohi beteken - die Here is my Herder.

Psa 23:1 ‘n Psalm van Dawid. Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.

Dawid skryf hierdie Psalm vanuit die hoek van die herder se skaap. Hy verwys nie in baie Psalms na sy herderservaring nie, maar wel na dit wat hy deur die jare van die skape geleer het.

Jesus het baie van diè beeld gehou, want Hy verwys dikwels na Homself as die Herder. Hy het sy hemelse woonplek vir 'n rukkie verlaat en tussen ons kom woon. Hy het geleer om ons swak-

hede te verstaan, [Heb 4:15 "Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde."] en Hy het begrip vir dié wat in hulle onkunde afdwaal. [Heb 5:2 as een wat kan saamvoel met die onwetendes en dwalendes, omdat hy self ook met swakheid bevange is.] Wanneer Hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor en hulle volg Hom, omdat hulle sy stem ken. [Joh 10:4 En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken.] Dit is dus ook geen wonder dat Hy gesê het: "Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken." [Joh 10:14.]

Die skape kan nooit op die herder se vlak beweeg nie, maar hy kan homself in hulle posisie plaas. Daardeur kry hulle hom lief en kom hulle tot 'n nuwe verhouding met hom.

Lammertjies mag dink dat hulle aan hulleself behoort, maar daar kom 'n dag waarop ook hulle besef dat hulle die herder se eiendom is. Hy skeer hulle - en die wol is syne. As hy besluit om hulle te slag, is die vleis ook syne. Hy het hulle gekoop en daarom het niemand, behalwe hy, seggenskap oor sy skape nie.
Paulus het dit ook besef, daarom sê hy: 1Kor 6:19 "Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? "
1Kor 6:20 "Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort."

'n Mens kan nie met volle oorgawe sê: "Die Here is my herder" as jy nie ook aanvaar dat jy volkome in sy besit is en dat Hy volle seggenskap oor jou het nie. Hy doen alles vir ons omdat ons aan Hom behoort. Só beskerm Hy sy eiendom.

Die skape wat in Christus se sorg is, kan ontspan en oorvloedig lewe, want hulle lewe reeds hier op aarde in gemeenskap met Hom en met die ander gelowiges. Hulle het ook die belofte van die ewige lewe, want "goedheid en guns sal my volg al die dae van

my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae. [Ps 23:6]

Jes 40:11 **Hy sal sy kudde laat wei soos 'n herder**; Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei.

Joh 10:11 Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.
Joh 10:14 Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken.
Joh 10:27 My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My.
Joh 10:28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.

EL-ELYON

El-Elyon beteken - God Allerhoogste
[Skepper en besitter van hemel en aarde.]

Gen 14:18 En Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring
Gen 14:19 en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde.
Gen 14:20 En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles.
Gen 14:21 En die koning van Sodom sê vir Abram: Gee my die mense, maar neem die goed vir uself.
Gen 14:22 Toe antwoord Abram die koning van Sodom: Ek hef my hand op tot die HERE, God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde,
Gen 14:23 dat ek geen draad en geen skoenriem, ja, dat ek niks sal neem van alles wat uwe is nie, sodat u nie kan sê nie: Ek het Abram ryk gemaak.
Gen 14:24 Niks vir my nie! Net wat die dienaars geëet het en die

deel van die manne wat saam met my getrek het, Aner, Eskol en Mamre, laat dié hulle deel neem.

Hy ontvang niks van die koning van Sodom nie, El Elyon is sy bron:

El-Elyon is die Almagtige God: Gen 17:1 Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die HERE aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees.

El-Elyon is die Ewige God: Gen 21:33 En hy het 'n tamarisk in Berséba geplant en daar die Naam van die HERE, die ewige God, aangeroep.

El-Elyon is die Jaloerse God: Exo 20:5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou **God, is 'n jaloerse God** wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;

El-Elyon is die Barmhartige God: Deut 4:31 Want die HERE jou **God is 'n barmhartige God**; Hy sal jou nie verlaat en jou nie in die verderf stort nie; en Hy sal die verbond van jou vaders wat Hy hulle besweer het, nie vergeet nie.

El-Elyon is die Getroue God: Deut 7:9 Jy moet dan weet dat die HERE jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom lief het en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte.

El-Elyon is die Grote, Magtige en Gedugte God: Deut 10:17 Want die HERE julle God is die God van die gode en die HERE van die here; die grote, magtige en gedugte God wat die persoon nie aansien en geen geskenk aanneem nie;

El Elyon is die Lewende God: Jos 3:10 Verder het Josua gesê:

Hieraan sal julle erken dat daar **'n lewende God** tussen julle is, en dat Hy sekerlik die Kanaäniete en Hetiete en Hewiete en Feresiete en Girgasiete en Amoriete en Jebusiete voor julle uit sal verdrywe:



EL-SHADDAI

El-Shaddai beteken - [El = die sterk een. Shaddai = voorsiener in al die behoeftes van sy mense.]
[God Almagtig en Algenoegsaam] [Die Engelse woord is "All-bountiful" en beteken Algenoegsaam, Milddadig, Weldadig, Oorvloedig, Liefdadig.]

Hy het belowe:

1. Redding:
Hand 2:21 En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.
Rom 10:10 want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.

2. Voorspoed:
Pro 11:10 Oor die voorspoed van die regverdiges jubel 'n stad ...
Psa 112:3 Oorvloed en rykdom is in sy [die man wat die HERE vrees] huis; .....

3. Genesing en Gesondheid:
Exo 15:26 en gesê: As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak.

4. Voorsien in al ons behoeftes en begeertes: [wants and needs]
Psa 34:11 Kaf. Die jong leeus ly armoede en het honger; maar die wat die HERE soek, het geen gebrek aan enigiets nie.
1Joh 3:22 en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom.
2Pet 1:3 Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, ...
3Joh 1:2 Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan;

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(o44) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.